Gimmie Griffie

26 Januarie 2018

Webtuiste: www.gimmies.co.za ***Uitgawe: 2***

GEAGTE OUERS

Baie geluk aan al die atlete wat aan die Interhuis deelgeneem het. Dankie vir elke leerder, ouer en onderwyser wat op een of ander manier 'n bydrae tot die suksesvolle dag gelewer het.

Baie dankie aan al die ouers vir u teenwoordigheid by die ouer-vergaderings. Ons sê dankie vir die graad 12-ouers wat na aanleiding van die vergadering geld inbetaal het vir die bankies by die snoepie. As daar nog graad 12-ouers is wat inbetalings wil maak, sal dit opreg waardeer word.

Sterkte aan al die atlete wat môre in Meyerton gaan deelneem. Die atlete vertrek om 12:00 waarna die nie-atlete saal toe sal gaan om te sing. Die skool verdaag om 13:00.

Gimmie-groete,
RA Oosthuizen

EKSTRA-SKRYFTYD

Leerders wat ekstra-skryftyd in 2017 gehad het, skryf vanjaar alle kwartaal-toetse in kamer 77. Vir enige navrae aangaande nuwe aansoeke, kontak me. Rosemary Fouché.

VOLGENDE WEEK SE PROGRAM

Maandag 29 Januarie
Gholf: Klerksdorp/Orkney

Dinsdag 30 Januarie
Sportkondisioneringsprogram (nie-atlete) begin
Ensemble-oefening
Geesvang gr. 8's verpligtend (18:00-20:00)

Woensdag 31 Januarie
Noodplanoefening
Valbalkaartjieverkope: Gr. 12
Kooroefening (18:00-20:00)
Redenaarsuitdunne (18:00)

Donderdag 1 Februarie
Krieket: Pro 20 Potch-finaal
Valbalkaartjieverkope: Gr. 12
Kultuuruur: 13:00-14:00

Vrydag 2 Februarie
Toetse begin
Krieket: o/15A Finsbury

Saterdag 3 Februarie
Atletiek: Gimmie-Prestige
Krieket: Pro 20 Senwes Stadion (15:00)

INTERHUISATLETIEK

Die interhuisatletiek het op Maandag 22 Januarie plaasgevind. Die Pikke het die byeenkoms met 917 punte gewen, die Grawe was tweede met 809 punte en die Ankers in die derde plek met 613 punte. Die Grawe het die geesbeker gewen.

Jnr. Victrix Ludorum: Karmen Fouché
Jnr. Victor Ludorum: Phemelo Molale
Snr. Victrix Ludorum: Leasha Louwrens
Snr. Victor Ludorum: Nardus Swart

Karmen is ook as die atleet van die byeenkoms aangewys.

Individuele prestasies is:
Beste baanatleet: Miandi van Staden
Beste hekkiesatleet: Nardus Swart
Beste naelloper: Miandi van Staden
Beste middel/langafstand: Abrie Kruger
Beste spronge: Karmen Fouché
Beste worpe: Riandi Boshoff

Beste prestasies per ouderdom:
D o/14: Riandi Boshoff (1127punte)
S o/14: Phemelo Molale (897 punte)
D o/15: Karmen Fouché (989 punte)
S o/15: Michael v Rooyen (864 punte)
D o/16: Miandi van Staden (957 punte)
S o/16: Nardus Swart (947 punte)
D o/17: Lienge Lamprecht (768 punte)
S o/17: Abrie Kruger (882 punte)
D o/19: Jonette Labuschagne (711 punte)
S o/19: Donevan du Toit (835 punte)

Die volgende rekords is verbeter:

Dogters o/14
Riandi Boshoff: Diskusgooi (36.31)

Dogters o/15
Daniëlla Verster: 1500m (04:52.78)
Ané Strydom: 90m hekkies (14.56)
Milana vd Merwe: 90m hekkies (14.61)
Karmen Fouché: Hoogspring (1.60)

Dogters o/16
Leasha Louwrens: Gewigstoot (12.16)

Seuns o/15
Michael v. Rooyen: Driesprong (11.76
Andrew du Plessis: 1500 stap (07:21.22)
Joanré Uys: 1500 stap (07:51.25)

Seuns o/16
Nardus Swart: 110m hekkies (14.71)
Almero Niemann: Gewigstoot (14.90)

Seuns o/17
Meyer Leeb: Gewigstoot (15.37)
Meyer Leeb: Diskusgooi (47.07)

PERDRY

Sonica Engelbrecht het die afgelope vakansie aan die SA-Jeug-dresseer-kampioenskappe deelgeneem. Tydens die kampioenskappe het sy sewe eerste plekke en 'n tweede plek behaal. Dit sluit vyf SA-titels in naamlik:

- SA Junior *Medium* individuele kampioen.
- SA Junior *Advanced* individuele kampioen.
- SA Junior *Advanced Freestyle* individuele kampioen.
- SA Junior *Prix St George* individuele kampioen.
- SA Junior *Prix St George Freestyle* individuele kampioen.

Sonica is ook as die Junior *Advanced* en *Prix St George* Victrix Ludorum aangewys. Die *Medium*, *Advanced* en *Prix St George* is die drie hoogste vlakke wat 'n junior ruiter in Suid-Afrika mag ry. Baie geluk, Sonica.

KENNISGEWING BL-VERKIESING

Die algemene verkiesing van 'n nuwe Beheerliggaam vind op Donderdag 1 Maart om 18:00 en Vrydag 2 Maart (ter wille van koshuisleerders) om 14:00 plaas. Daar is vyf vakante poste wat tans deur gekoöpteerde lede hanteer word, nl. mnre. Johan van der Westhuizen, Jan van Ravenswaay, Jean Verster, Francois Naudé, Louis du Plessis en prof. Marius Smit. Hulle is almal weer beskikbaar, maar enige ouer kan genomineer word. Nominasie-vorms is by die skool beskikbaar.

INTERHOËR BORGSKAPPE

Graag neem ons die vrymoedigheid om ouers te nader vir borgskappe vir die Interhoërprogram. Dit behels:

- Onderskrif onderaan die bladsy (wit en swart) teen R 300,00.
- Volkleur halfblad advertensie teen R 3 000,00.
- Volkleur volblad advertensie teen R 6 000,00.

U kan direk kontak maak met Koot Booysen by 078 201 0028 of koot@gimmies.co.za

Alle ouers word vriendelik uitgenooi om by Gimmies se gebedsgroep betrokke te raak. Ons bid vir ons skool, ouers, leerders en personeel.

Dit is op Maandagoggende vanaf 07:00 tot 07:30 in die geleentheidskantoor.